

## Ek het nou self gesien, en weet van beter

Deur sy beproewing het Job direk met God te doen gekry. Wat Job voorheen van God geweet het, was dit wat daar aan hom vertel was. Maar nou, deur sy persoonlike ervaring, ken hy God nóg beter as tevore. Job besef dat hy nie in 'n posisie was om God se planne met die heelal te bevraagteken nie, want hy het dit nie verstaan nie (Job 42:3). As Job se beproewings nie vir hom enige betekenis gehad het nie, het dit vir God betekenis gehad. Job het gesondig deur sy woorde en die gesindheid wat hy teenoor God ingeneem het. Hy het eenvoudig op 'n antwoord aangedring, al asof dit aan hom verskuldig was. Job bely nou dat hy van beter moes geweet het.

Deur al sy beproewinge het Job gegroei in sy verstaan van Wie God is. Op die ou end is alles in God se hande, selfs al kan ons dit nie alles begryp nie. Dit is ook waar van die kruisiging van Jesus Christus. Vir die Jode van daardie tyd was dit 'n daad van aggressie en haat, vir God was dit deel van sy verlossingsplan. Job het sy afhanklikheid aan God besef toe hy as brose mens met geskeurde klere en as op sy kop gesit het. Jesus Christus leer ons wanneer Hy in die Tuin van Getsemane tot sy Vader bid: “Vader, as U wil, neem tog hierdie lydensbeker van My af weg” (Luk 22:42). Aan die einde van die hoofstuk ervaar Job die volle omvang van God se genade wanneer hy méér seëninge ontvang as wat hy gehad het (Job 42:7-17).

Die boek Job eindig soos wat dit begin het. Dit beskrywe die seëninge en guns van die Here. Job, wat self genade ontvang het, vergewe sy vriende en bid vir hulle. Hy laat sy dogters saam met hulle broers erf (Job 42:15), alhoewel hulle wetlik nie daarop geregtig was nie. En hy “het toe gesterf. Hy was oud en het 'n vol lewe gehad” (Job 42:17). Mag ons ook ons lewe as 'n offer in diens van God leef, wat ook al die pyn wat Hy daarvoor wil laat kom.

Sing: Skrifberyming 14-2

Dr J Lion-Cachet (Klerksdorp)